# WOLBOER
# WOOL FARMER

*This e-newsletter is compiled from sources that are deemed reliable.*
*However, the publisher accepts no responsibility for any errors or the effect of any decisions based on this publication.*



**AUGUSTUS/AUGUST 2016**
**NWKV Nuusbrief 42 / NWGA Newsletter 42**

**BKB is die hoofborg van hierdie nuusbrief.**

Inform us about events in your area or if you want to receive the newsletter. Contact Karen Grobler at 082 774 7008 or send an email to **karen@agriconnect.co.za** or Bonita Francis **nwga@nwga.co.za** or call 041 365 5030.

**Remember to visit our Facebook page.**
The link is https://www.facebook.com/pages/NWGA/679678912058277

## >>> Inhoud >>> Content

1. Dit gaan goed in die wolbedryf
2. Good management rewards communal farmers
3. Veld ram club open day
4. Know the status of animal diseases
5. Fraserburg se wolboere leer by mekaar
6. Applications open for Cape Wools SA bursaries
7. Predasiebestuurshandleiding nou beskikbaar
8. Welverdiende eer aan Gawie van Wyk
9. Nuwe leierskap vir Wes-Kaapse NWKV

## 1 Dit gaan goed in die wolbedryf

Dit was Leon de Beer, Hoofbestuurder van die NWKV, se boodskap tydens 'n onlangse onderhoud met Radio Elsenburg wat op RSG Landbou uitgesaai is. Kliek op die skakel om self te luister - **http://www.elsenburg.com/radioelsenburg/2016/F160806.mp3**

## 2 Good management rewards communal farmers

Every year during the NWGA national congress, the top five shearing sheds in the various regions of the Eastern Cape are rewarded for their outstanding efforts towards developing sheep projects that result in an increased income from wool. The criteria are based on the total number of bales of wool and bin bales produced for the season, average micron, clean yield and price received.

Region 21 Wool Growers' Association, Springgroove No. 2, in the Ntabethemba district, was selected the regional winner. Members of the association planned a gathering in conjunction with Zoetis and animal health technicians to administer and dose all the animals at the shearing shed. More than 3 978 sheep, including lambs, were drenched with Cydectin Oral.

Zoetis sponsored 35 5-ℓ-containers of Cydectin Oral, which was distributed among the five regional winners. The communal wool producers of Springgroove were ecstatic knowing that their entire flock was protected against all major internal parasites. They thanked Zoetis for this very useful prize.



## 3 Veld ram club open day



Another historic day on the calendar of communal farmers was 2 August 2016 when the first veld ram club open day was held on Arundel, John Gary Wardle's farm in the Cathcart district. The stunning rams on display had to undergo a strict selection process, and are considered to be separate and additional to the 3 000 genetically bred rams that will be distributed to rural communities/shearing sheds annually.

## 4 Know the status of animal diseases

Visit **www.ruvasa.co.za** and click on "Disease reports" to find reports on state-controlled and notifiable diseases, backdated as from January 2016. These monthly reports on livestock disease trends are reported informally by veterinarians belonging to the Ruminant Veterinary Association of SA (Ruvasa), a special interest group of the South African Veterinary Association.

## 5 Fraserburg se wolboere leer by mekaar

'n Jaarlikse toer na medeboere in die Fraserburg-distrik is vanjaar na die AL3 Boerdery onderneem, waar Piet le Roux senior en sy seuns, Pieter en Elmar, reggestaan het om die boere en belangstellendes in te lig oor die boerderypraktyke wat op hul plaas toegepas word.

Kenneth van der Westhuizen, 'n onafhanklike makelaar, het informeel oor versekering, boedels en trusts gesels en die slaggate rondom hierdie onderwerpe uitgewys. Groot was die belangstelling toe daar gefokus is op boerderypraktyke soos korrekte paartye, die voorbereiding van ooie en ramme, lamhokkies, die seleksie van jong vervangingsooie en verskillende voedingspraktyke soos byvoeding, prikkelvoeding en kruipvoeding. Gawie van Wyk, NWKV-produksie-adviseur en Adri de Klerk, 'n skaap- en wolbeampte van BKB, het die boere behoorlik laat dink oor die seleksie van jongooie.

Die AL3 Boerdery was verantwoordelik vir die versorging en voorbereiding van al die veldramme binne Fraserburg se veldramklub. Boere kon terselfdertyd die geleentheid benut om die ramme te besigtig en te merk met die oog op vanjaar se veiling.

Voor huistoegaantyd het boere die veld ingeslaan om na jongooie en ramme, asook lamkruiphokke te gaan kyk.

## 6 Applications open for Cape Wools SA bursaries

Persons wishing to apply for a bursary are invited to submit their applications to Cape Wools SA before 31 October 2016. They need to meet the deadline in order to be eligible for a bursary for 2017. Visit **www.capewools.co.za** for the bursary application forms.
The following fields of study will receive preference in 2017:

- Agricultural sciences
- Chemistry and textile sciences
- Fashion and design
- Veterinary sciences
- Computer science
- BCom (General Business Management) to be followed by an MBA or MBL
- BTech (Business Management) to be followed by an MBA or MBL




Shortlisted candidates will be interviewed in Port Elizabeth towards the beginning of December.

## 7 Predasiebestuurhandleiding nou beskikbaar




Hierdie handleiding is 'n eenstopgids wat produsente help om die roofdierprobleem op hul plase te hanteer. Die oplossing is om 'n verskeidenheid metodes tot die boer se beskikking te stel – 'n gereedskapkis van bestuurstoerusting. Die handleiding help die boer om die probleem binne die raamwerk van provinsiale en nasionale wetgewing te bestuur. Dit gee ook wenke oor hoe om die roofdier wat die plaasdier gevang het, te identifiseer. Die gids is nou beskikbaar by lidorganisasies van die Predasiebestuursforum (*PMF*), naamlik die NWKV, die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), Suid-Afrikaanse Sybokhaarkwekers-vereniging (Samga) en Wildbedryf SA (WRSA).



# 8 Welverdiende eer aan Gawie van Wyk

Veels geluk aan Gawie van Wyk, die Noord-Kaapse NWKV-produksie-adviseur, vir die toekenning wat hy op 11 Augustus 2016 vanaf Merino SA ontvang het. Die toekenning is gemaak om sy besondere dienste aan die Merinoteelbedryf van Suid Afrika te erken.



Gawie is landswyd bekend onder wolboere vir sy ongelooflike kennis en ervaring van die bedryf en is 'n absolute aanwins vir die NWKV. Welgedaan, Gawie!

Gawie van Wyk en Gert Smit




# 9 Nuwe leierskap vir Wes-Kaapse NWKV


Cobus Uys, 'n vooraanstaande boer in Bredasdorp, is verkies tot die voorsitter van die Wes-Kaapse NWKV-gebiedstak. Hy neem die leisels oor by Thys Delport, wat die afgelope 12 jaar die wolboere in die Wes-Kaap gedien het. Thomas Barry van Buffeljagsrivier is as visevoorsitter aangewys.


As daar in ag geneem word dat die drie belangrikste wolproduserende distrikte, naamlik Caledon, Bredasdorp en Swellendam almal uit die Wes-Kaap kom, is die NWKV opgewonde oor die vooruitsigte wat hierdie diverse omgewing bied. Veels geluk, Cobus en Thomas.



Cobus Uys en Thomas Barry







www.simonsays.co.za | 5586
rethink.revive
www.bkb.co.za
BKB Limited - Registered Credit Provider - NCRCP2545
Tel: 041 503 3111
BKB, the market leader, continuously strive to leave the widest and the deepest small stock footprint in the country. The welfare of fibre growers is our prime objective, and therefore, we aim to provide an effective service through highly skilled and knowledgeable technical and shearing advisors. Our focus is on sustainable small stock farming. It is no secret that BKB put a great deal of effort into strengthening a mutually beneficial alliance with you on a daily basis.
Receive unlimited benefit through this and BKB's full range of agri-products and services. Contact BKB AgriFin for your tailor made financing solutions. Speak to us today.
BKB AgriFin
Home of Agriculture
wool & mohair | grain | livestock | properties | trading | financial services
BKB




***Brachiaria Brizantha***

MARANDU

Brachiaria Brizantha MG-5
MATSUDA GENETICS 5
Victoria

BRACHIARIA MG-4

***Brachiaria***

Matsuda het Marandu veredel onder Brachiaria MG-4 om meer droogtebestande eienskappe as Marandu te bied. MG-5 Victoria is ook 'n veredelde Marandu wat 'n beter opbrengs, droogtebestandheid en goeie hergroei ná beweiding bied. Victoria kan in vleiagtige grond met swak dreineringseienskappe gevestig word. Geskik vir droë lande met 'n opbrengs van 10 tot 14 ton DM/ha/jaar.

***Pennisetum* (banagras)**

ELEPHANT-GRASS CARAJAS

**CARAJAS** – 'n verbeterde banagras wat met saad gevestig kan word.

- Geselekteer vir hoër droëmateriaalopbrengs, vinniger hergroei, hoër proteïene en beter verteerbaarheid.
- Hierdie olifantsgraskruising is uiters bestand teen koue en matig tot hoog droogtebestand.
- Baie smaaklik en uiters geskik vir beweiding asook kuilvoer.
- Kuilvoeropbrengs van meer as 200 ton materiaal (40 tot 50 ton droog) per hektaar per jaar is moontlik onder ideale toestande.

**Peulplante**

HYBRID LEGUME JAVA

Java is 'n meerjarige peulplant wat heeljaar baie saad produseer en voeg 150 kg stikstof per ha per jaar terug in die grond. Die peulplant kan in arm grond gevestig word en het 'n hoë droogteweerstand. Dit is smaaklik en het 'n proteïenwaarde van 18 tot 23% en lewer goeie hergroei ná beweiding.

***Panicum Maximum* (witbuffel)**

MOMBASA TANZANIA

Geskik vir besproeiing met 'n opbrengs van 18 tot 30 ton DM/ha/jaar.

***Panicum Maximum*-kruis**

Aries

***Panicum Maximum*-kruis**

Geskik vir wild en koue toestande. Opbrengs 15 tot 20 ton DM/ha/jaar.

Aries is 'n hibried van *P. maximum Aruana* en *P. maximum Centauro*. Aries is koue- en droogtebestand en toon goeie hergroei ná beweiding. Dit is 'n uiters smaaklike gras geskik vir beeste, perde, skape en wild.

**Vir meer inligting**

Skakel Lodewyk Koch @ 084 800 8835 of e-pos • Lodewyk@rankingroup.co.za • Kantoor 012 664 0532

**www.brasuda.co.za**